**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Die volgende werk vir graad 9 word in die eerste kwartaal geassesseer en voorbeelde daarvan word in hierdie vraestel verskaf:**

**Luister en praat**

Selfoonkontrak, verbruikersregte en vrywaring
Gesprekvoering

**Leestekste**

Artikel
Verslag oor dispuut tussen die verbruiker en ’n selfoonmaatskappy
Brief van waardering vir hulp en advies
Kortverhaal
Drama

**Gedigte**

Klankherhaling
Alliterasie
Woordkeuse
Effek wat deur woord- en klankherhaling verkry word
Beeldspraak: personifikasie
Stylfiguur: klanknabootsende woord
Atmosfeer, afleiding en uitbeelding

**Taal in konteks**

Koerantberig

**Skryfstukke**

Verhalende opstel
Beskrywende opstel
Advertensie
Onderhoud

**Puntetoekenning:**

| | |
|---|---|
| Hardoplees, luister en praat: | /30 |
| Leesbegrip: | /25 |
| Taalleer: | /15 |
| Skryf: | /30 |
| **Totaal: 100** | **/100** |

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 9** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2026** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Artikel:** Noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid

1 Ouerliefde en -ondersteuning verskaf stabiliteit vir elke kind. Dis belangrik dat ouers vir hul kinders sê dat hulle hul liefhet en dit ook aan hulle bewys. Kinders voel veilig, geborge en aanvaar in ’n huis waar hulle baie ouerliefde ontvang.

2 Ouers moet altyd bereid wees om na hul kinders se menings te luister. Sodoende sal die kind voel dat sy mening ook belangrik is en dit gee hom of haar meer selfvertroue. Kinders wat besef dat hul ouers bereid is om na hulle te luister, sal dan ook makliker met probleme en vrae na hul ouers gaan. Dit versterk die band tussen die ouer en kind en bevorder wedersydse respek en vertroue. Soms mag hulle ook raad vir die ouers vra. Dis juis hier waar die ouer moet besef dat, indien hy die verkeerde raad vir die kind sou gee, dit die kind se lewe negatief mag beïnvloed.

3 Ouerbetrokkenheid is uiters noodsaaklik vir die kind. Ouers moet betrokke wees by hul kinders se skoolaktiwiteite. Deur hulle te help met hul skoolwerk en ouervergaderings en sportaangeleenthede by te woon, laat die kind besef dat sy ouers belangstel in hom en dit wat hy doen. Ouers besef nie altyd dat hul kinders net hul beste vir hul ouers wil gee nie. Dis juis hier waar die ouer nie in die slaggat moet trap om druk op die kind te sit om akademies of op sportgebied te presteer nie. Ouers moet hul kinders slegs ondersteun.

4 Die voorbeeld wat ouers vir hul kinders stel, is ook uiters belangrik. Wanneer ouers respek teenoor ander betoon en ook eerlik, verantwoordelik,

selfgedissiplineerd en hardwerkend is, leer kinders hierdie goeie waardes aan. Op hulle beurt sal hulle weer hierdie goeie waardes in hul lewens toepas. Ouers moet die gesegde: "Woorde wek, maar voorbeelde strek" altyd in gedagte hou. Dit help nie ouers wys die kinders daarop dat dit belangrik is om te alle tye voorbeeldig te lewe nie, maar intussen weerspreek hul gedrag die raad en leiding wat hulle aan hul kinders gee.

**Hardoplees:** Noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**'n Selfoonkontrak:** Selfoonkontrak met Vodacom, verbruikersregte en vrywaring

1 Hiermee verklaar ek, meneer Nel, ID 970128 5114 083, dat ek vertroud is met die inhoud van hierdie kontrak soos met Vodacom aangegaan.

2 Die kontrak is geldig vir die tydperk van 24 maande. Dit sluit 'n selfoonhandstuk, 'n SIM-kaart, asook 'n vaste maandelikse datapakket (3 GB) en beltyd (600 gratis minute) in. 'n Vaste maandelikse fooi van R499 sal aan Vodacom deur die kliënt betaal word.

3 Indien die selfoonhandstuk binne die eerste sewe dae na ontvangs enige tegniese probleme sou toon, het die kliënt die reg om dit terug te besorg in dieselfde toestand en verpakking waarin die mobiele apparaat aan hom besorg is, tesame met die koopbewys. Die toestel moet volledig wees en mag geen tekens van skade toon nie. Die selfoonwinkel sal dit na Vodacom se werkswinkel (Vodacare) stuur om na te gaan en vas te stel waar die probleem lê. Indien Vodacom tekens van nalatige skade deur die kliënt sou bespeur, is Vodacom nie verplig om die handstuk te vervang of op hulle onkoste te herstel nie. Indien daar fout met die toestel is, sal die kliënt geregtig wees op die vervanging of gratis herstel van die toestel, soos bepaal deur die **Wet op Verbruikersbeskerming, Wet 68 van 2008,** wat deur die regering in werking gestel is.

4 Die maatskappy en selfoonwinkel aanvaar egter geen aanspreeklikheid vir skade wat veroorsaak is deur nalatige of onbehoorlike gebruik van die kliënt nie. Die

kliënt vrywaar Vodacom van enige eise wat mag ontstaan uit die onwettige gebruik van die selfoon of netwerk.

5 Vodacom vereis ’n skriftelike kennisgewing van die kliënt, indien daar verlang sou word dat die kontrak beëindig moet word voordat die 24 maande verstreke is. ’n Kansellasiefooi mag gehef word. Hierdie fooi sal wissel, afhangend van hoeveel maande voor die tyd die kontrak beëindig word.

6 Alle persoonlike inligting van die kliënt sal vertroulik hanteer word.

7 Hierdie kontrak word as bindend beskou.

Geteken te ……………… op die ……………. dag van …………………. 2026

__________________________ ___________________________

Kontraktant Gekontrakteerde

Getuies: 1. ________________________ 2. _________________________

**’n Selfoonkontrak:** <u>Selfoonkontrak met Vodacom, verbruikersregte en vrywaring</u>

**1** **Wat is die <u>tydsduur</u> van hierdie kontrak?** /1

**2** **Noem slegs EEN <u>voorwaarde</u> waaraan voldoen moet word, indien die verbruiker die selfoonhandstuk as gevolg van tegniese probleme sou terugneem.** /1

**3** **Op watter <u>verbruikersreg</u> is die verbruiker volgens die bostaande selfoonkontrak geregtig?** /1

**4** **Wat is die <u>doel</u> van die Wet op Verbruikersbeskerming?** /1

**5** **Noem slegs by EEN <u>geleentheid</u> waar <u>skade</u> veroorsaak kan word deur nalatige of onbehoorlike gebruik van die kliënt.** /1

**6** **Watter <u>gevolge</u> mag dit vir die verbruiker inhou, indien hy die selfoonkontrak voor die tyd sou beëindig?** /1

**7** **Noem EEN <u>nadeel</u> van ’n selfoonkontrak.** /1

**8** **Tussen watter TWEE <u>partye</u> is die bostaande selfoonkontrak gesluit?** /1

**9** **Waarom dink jy moet daar ’n skriftelike <u>kontrak</u> tussen die *verkoper* en die *verbruiker* gesluit word?** /1

**10** **Wie is die <u>kontraktant</u> in die bostaande selfoonkontrak?** /1

**11** **Wie is die <u>gekontrakteerde</u> in die bostaande selfoonkontrak?** /1

**12** **Waarom sou jy sê dit is belangrik om die kontrak te lees, alvorens jy dit teken?** /1

**13** **Hoe kan verbruikers hulself beskerm teen onbillike kontrakte?** /1

**14** **Waarom sou jy sê die kontrak moet deur die verbruiker geteken word?** /1

**15** **Waarom reken jy dit is belangrik om die <u>datum</u> op die kontrak aan te bring waartydens die kontrak geteken is?** /1

**Totaal: 15** **/15**

**Gesprek:** <u>'n Gesprek tussen 'n ontevrede kliënt en Vodacom oor swak diens</u>

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Stemgebruik, toon, stembuiging en tempo: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Geregverdig, toepaslik, register en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en gesigsuitdrukking: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling A</u>** **<u>Leesbegrip</u>**

**1** **Verslag:** <u>Dispuut tussen die verbruiker en 'n selfoonmaatskappy</u>

**Verslag**

Hierdie verslag handel oor 'n dispuut rakende 'n selfoonkontrak wat meneer Swanepoel, die verbruiker, met 'n selfoonmaatskappy op 3 Maart 2026 aangegaan het. Die verbruiker het sy ontevredenheid uitgespreek oor verskeie aspekte van die kontrak en die diens wat gelewer is.

Die dispuut het ontstaan toe die verbruiker opgemerk het dat die vasgestelde maandelikse fooi van R399 oorskry is, soos in die kontrak aangedui. Die datapakket is ook minder as 3 GB, soos in die kontrak aangedui.

Die verbruiker voel dat die kontrak nie breedvoerig genoeg verduidelik is en belangrike inligting nie verskaf is tydens die ondertekening daarvan nie. Hoewel die verbruiker die kliëntediens van hierdie selfoonmaatskappy herhaaldelik geskakel het, kon hy nie bevredigende antwoorde kry nie. Dit het tot frustrasie en 'n verlies aan vertroue in die diensverskaffer gelei.

**Bevindinge**

1 Die maandelikse aftrekking oorskry die bedrag, soos in die kontrak aangedui.
2 Die datapakket toegestaan is minder as die hoeveelheid, soos in die kontrak aangedui.
3 Die selfoonmaatskappy se kliëntediens het ondoeltreffend op klagtes gereageer en kon die probleem nie telefonies oplos nie.

**Gevolgtrekking**

Dit is duidelik dat die dispuut hoofsaaklik ontstaan het aangesien die inhoud van die kontrak nie breedvoerig bespreek is en behoorlike vrae oor die kontrak gevra is nie. Ook omdat die verbruiker nie die kontrak na behore deurgelees het nie. Beide die partye het ’n rol gespeel in hierdie probleem. Beter verduideliking van en meer doeltreffende vrae oor die kontrak kon hierdie dispuut verhinder.

**1.1 Watter verantwoordelikheid het hierdie selfoonmaatskappy, as diensverskaffer, teenoor die verbruiker, alvorens die selfoonkontrak geteken word?** (2)

**1.2 In watter opsig is die verbruiker in die bostaande dispuut skuldig?** (2)

**1.3 Voorspel hoe soortgelyke dispute hierdie betrokke selfoonmaatskappy se beeld nadelig kan beïnvloed.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2 Brief:** Brief van waardering vir hulp en advies

Voortrekkerstraat 6
Stellenbosch
7600
10 Maart 2026

Beste Ruan

1 Ek is eintlik jaloers op jou wat nou in die Krugerwildtuin is. Neem genoeg foto’s van al die verskillende soorte diere en die gesellige kuiers om die kampvuur.

2 Ek kan jou nie genoeg bedank omdat jy verlede week vir my opgestaan het teen die twee boelies nie. Dit, terwyl ons nie eers vriende was nie. As jy nie daardie dag vir my opgekom het en die twee boelies elk ’n bloedneus gegee het nie, sou hulle nog steeds, soos in die verlede, elke pouse my toebroodjies by my afneem.

3 Ek kon nie glo toe jy daardie middag met jou fiets by my opdaag nie. Ek was bang jy vertel my ouers van die voorval. Tot my verbasing het jy my uitgenooi om by julle bende aan te sluit. As jy maar weet hoeveel dit vir my beteken dat jy en jou maats my by julle vriendekring ingetrek het! Dankie ook vir die woorde waar jy vir my daarop gewys het dat ’n mens vir jouself moet opstaan. Daardie woorde van jou: “Moet nooit vir ’n boelie wys dat jy bang vir hom is nie. Dit gee hom net meer mag oor jou” sal ek seker nooit vergeet nie.

4 Ek moes wel eers geboelie en verneder word, alvorens ons vriende kon word en ek ’n lewensles by jou geleer het, maar dit was deur en deur die moeite werd! Sedert daardie bloedneus en vandat ek vir myself teen die boelies opstaan, het hulle my nog nooit weer lastig geval nie.

Jou vriend
Karel

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **Watter <u>voordeel</u> het die voorval in paragraaf 2 en Ruan se raad vir Karel ingehou?** | (1) |
| **2.2** | **Waarom was Karel bang Ruan sou sy ouers oor die voorval inlig?** | (1) |
| **2.3** | **Noem slegs TWEE <u>emosies</u> wat Karel in paragraaf 3 ervaar het.** | (2) |
| **2.4** | **Wat is die <u>kerngedagte</u> van hierdie brief?** | (2) |
| | **Totaal: 6** | **/6** |

**3 Kortverhaal:** <u>Die hunkering na veiligheid</u>

1 Hoeveel keer het Liam net nie al na sy kinderdae verlang nie. Dae waarin hy veilig en geborge in sy ouerhuis gevoel het. Die dae waar die woorde “inbraak”, “geweld”, “werkloosheid” en “diefstal” nog net woorde in die woordeboek was. Dae waar daar geen diefwering voor die vensters was nie. Om gedurende die somer buite te slaap is ons nie meer beskore nie. Hy sal nooit vergeet hoe hulle as kinders saans vrugte gaan steel het of tot laat in die strate met hul fietse gery of gespeel het nie.

2 Terwyl Liam by die rooi verkeerslig staan, sien hy ’n man met ’n bordjie om sy nek wat lees: “Geen werk. Geen heenkome. Net ’n geldjie vir kos, asseblief.” Sy hart gaan uit na hom. Sy ouers het hom van kinderdae af geleer dat dit meer vreugde verskaf om te gee as om te ontvang. Liam draai die venster af en stop ’n R20-noot in sy hande. Die honger in sy oë maak plek vir dankbaarheid. Dit

verskaf vreugde vir Liam, aangesien hy iemand in nood kon help. Die verkeerslig slaan oor voordat Liam by hom kon uitvind of hy darem slaapplek vir die aand het. Dis nou te laat om vir hom te vra. Hy sal beslis nie die gewildste motoris wees as hy nou ’n geselsie met hom sou aanknoop nie. Hy kan al hoor hoe die motoriste agter hom op hul toeters lê.

3 By die volgende rooi verkeerslig sien Liam hoe ’n sakkeroller ’n vrou se handsak uit haar hande gryp en laat spaander. Nie een van die mense op die sypaadjie sit die sakkeroller agterna nie. Ons is tog só bang om betrokke te raak.

4 Daardie aand word gebeeldsend hoe ’n groep bendelede wat ’n ou man aangeval en besteel het, deur die polisie opgespoor en geboei is. Liam hoop net dat hulle ’n lang tyd in die tronk sal deurbring.

5 Liam is maar te dankbaar dat niemand sy aangename kinderjare van hom kan wegneem nie. Hy wens net dat sy kleinkinders ook hierdie wonderlike jare waar kinders nog tot laat saans veilig buite kon speel, kon beleef. Ongelukkig is dit vandag te gevaarlik vir kinders om saans tot laat in die strate te speel.

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **Hoe hou paragraaf 1 verband met die <u>titel</u>?** | (1) |
| **3.2** | **Watter <u>teenstelling</u> tref ons in paragrawe 1 & 5 aan?** | (1) |
| **3.3** | **Noem slegs EEN <u>emosie</u> wat Liam in paragraaf 2 ervaar.** | (1) |
| **3.4** | **Dui die <u>ruimte</u> in paragraaf 2 aan.** | (1) |
| **3.5** | **Waarom sou jy sê die <u>chronologie van die verhaal</u> word in paragraaf 4 verbreek?** | (1) |
| **3.6** | **Gee EEN <u>rede</u> waarom dit ’n voorbeeld van ’n <u>kortverhaal</u> is.** | (1) |
| | **Totaal: 6** | **/6** |

**4 Drama:** <u>Dink twee keer</u>

*Ek lê op my bed in my kamer en verdiep my in ’n jeugverhaal. Ek kan in my verbeelding sien hoe die verhaal afspeel en hoe die karakters optree. Ek sal graag wil sien hoe Lina ’n les geleer word. ’n Klop aan my kamerdeur ruk my tot die hede. Dis Ma.*

Ma: (*met ’n glimlag*) Ina, wil jy nie asseblief vir my en tannie Liz ’n koppie tee kom maak nie. Sit dan ook sommer van daardie heerlike koeksisters wat mevrou dominees gebak het, in ’n bordjie. Dan bring jy dit sitkamer toe.

Ina: (*sonder om op te kyk*) Ma, ek wil net gou sien hoe Lina ’n les geleer word. Sy dink mos sy is onaantasbaar. Dis nou die hoofkarakter se suster.

Ma: (*redelik ongeduldig*) Jy kan altyd weer jou boek kom lees nadat jy vir ons tee gemaak het. Ek vra mos nou nie die onmoontlike vir jou nie.

*Terwyl Ina die tee maak en die koeksisters in 'n bordjie sit, hoor sy hoe tannie Liz van die predikant se vrou skinder. Geen wonder almal noem haar tannie Liz Skinderbek nie.*

Liz: (*met 'n frons*) Kan jy glo mevrou dominees se koeksisters het die eerste prys op die skou behaal! Wel, ek sê vir jou, dis ook maar net omdat sy mevrou dominees is. Sulke droë koeksisters het ek seker nog nooit geëet nie.

Ma: Ek is seker die beoordelaars sal haar nie bevoordeel nie. Ek het ook van haar koeksisters geëet. Ek dink dis sappig genoeg.

*Nadat Ina vir tannie Liz gegroet het, sit sy die tee en koeksisters op die koffietafel en gaan lees haar boek verder. Tannie Liz neem 'n koeksister en neem 'n hap.*

Liz: (*terwyl sy opstaan om vir haar tee te skink*) Ina, het jý hierdie koeksisters gemaak? Wel, ek het nog nooit sulke heerlike, sappige koeksisters geëet nie. Jy moet volgende keer die koeksisters by die skou beoordeel. Dan sal daardie droë koeksisters van mevrou dominees beslis nie weer eerste prys kry nie.

Ma: (*met 'n glimlag*) Nee, Liz, dis die einste koeksisters van mevrou dominees wat jy so gekritiseer het. Ek wonder nou maar net wat jy weer vir mevrou dominees van mý koeksisters sal sê. Is dit nou werklik nodig om altyd met alles fout te vind?

**4.1 Bespreek die ruimte by die tweede *tussensetsel*.** (1)

**4.2 Skryf die toneelaanwysing neer waar ons *beweging* aantref.** (1)

**4.3 Verskaf slegs EEN rede waarom hierdie teks 'n voorbeeld van 'n drama is.** (1)

**Totaal: 3** **/3**

**5 Gedigte**

**5.1 Hoe beklemtoon die digter die *entoesiasme* van die vrou in die onderstaande strofe uit "Kombuis"?**

"Gretig woeker en werskaf ek, bak en brou ek,
vee en vlyt ek, goeie, flukse vrou, ek." *Corné Coetzee*

**5.2 Watter effek verkry ons deur van *herhaling* en *alliterasie* in versreël 2 van die onderstaande strofe uit "Rondloper" gebruik te maak?**

"Sy skouers buie 'n bietjie oor
van stap en stap in reën en wind,
sy hande is gebars en swart
maar klein en skraal soos van 'n kind."

*N.P. van Wyk Louw*

**5.3 Watter vorm van beeldspraak tref ons in die onderstaande strofe uit "Busrit in die aand" aan?**

"Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand"

*Elisabeth Eybers*

**5.4 Skryf die klanknabootsende woord neer in die onderstaande strofe uit "Die bokser".**

"maar elk groteske vuis se smak
laat lis en weerstand verder knak…"

*Ernst van Heerden*

**5.5 Waarna verwys die *geel liggies* in die onderstaande strofe uit "Straat"?**

"Donker nag en natte straat,
geel liggies op 'n lange ry
ver van mekaar, en vlekkies geel
gespat op swart van koue teer
waaroor gebukte skadu's gly."

*N.P. van Wyk Louw*

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Koerantberig:** Seun oorleef haai-aanval by gewilde Kaapse strand

Pieter Cronjé *Die Burger*

1 KAAPSTAD – Connie Muller, ’n 13-jarige seun, is Saterdagoggend by een van die gewilde strande aan die Kaap deur ’n haai aangeval.

2 Terwyl Connie Muller en sy vriende redelik diep in die water gegaan het, het ’n haai onverwags sy verskyning gemaak en die seun aan sy been gebyt. Paniek het tussen die ander swemmers uitgebreek toe hulle die bloed in die water gewaar. Hulle het al gillende in die rigting van die strand beweeg. Hulle kon nie gou genoeg uit die water kom nie. Al wat jy gehoor het, is: “Help! Help!” Almal wou net wegkom van die water met die bloedstreep. Almal wou so ver moontlik van die water wegkom.

3 Danksy die vinnige optrede van ’n plaaslike branderplankryer en die hulp van twee lewensredders wat bekwaam is, is die jong seun na die strand gebring. Hy is inderhaas na die naaste hospitaal geneem en deur ’n dokter behandel. Volgens hom sal sy been ten volle genees. Die wond herstel besonder goed. Hy sal oormôre huis toe kan gaan.

4 Kenners is van mening dat verskeie faktore tot die aanval kon bydra. Onlangse warm watertemperature en ’n toename in vis naby die kuslyn het tot gevolg dat die haaie nader aan hierdie gewilde strand swem. Die moontlikheid dat die fout by die haainette lê is ook nie uitgesluit nie.

5 Die strand is tydelik gesluit. Alle pogings word aangewend om die swemgebied by Muizenberg so veilig moontlik te maak. Die haainette word weer deeglik nagegaan. Die haai-waarnemingsspanne is ontplooi om die gebied te monitor. Plaaslike inwoners en toeriste is geskok deur die voorval. Die stad Kaapstad hoop maar net dat hierdie voorval nie die toerismebedryf ’n knou aan die Kaapse strande sal gee nie.

6 Baie mense het hulle steun aan die seun wat nog so jonk is, en sy familie op sosiale media uitgespreek. Dit doen die Muller-gesin se gemoed goed.

7 “Dit is ’n riem onder die hart om te weet dat daar soveel mense is wat vir my seun omgee,” het die seun se pa wat aan UNISA verbonde is, redelik bewoë gesê.

8 Gelukkig het hy nie die tydelike met die ewige gewissel nie.

**Koerantberig:** Seun oorleef haai-aanval by gewilde Kaapse strand

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Skryf die onderstreepte sin in reëls 1 & 2 oor in die <u>bedrywende vorm</u>.** | (1) |
| **2** | **Dui die <u>onderwerp</u> in reël 3 aan.** | (1) |
| **3** | **Skryf die <u>soortnaamwoord</u> in reël 3 neer.** | (1) |
| **4** | **Skryf die <u>bywoordelike sinsnede van plek</u> in reël 3 neer.** | (1) |
| **5** | **Skryf die <u>skeibare werkwoord</u> in reël 5 neer.** | (1) |
| **6** | **Skryf die onderstreepte sin in reëls 5 & 6 oor in die <u>teenwoordige tyd</u>.** | (1) |
| **7** | **Skryf die <u>teenwoordige deelwoord</u> in reël 6 neer.** | (1) |
| **8** | **Skryf die onderstreepte sin in reël 7 oor as ’n <u>algemene vraagsin</u>.** | (1) |
| **9** | **Skryf die onderstreepte sin in reël 7 oor in die <u>toekomende tyd</u>.** | (1) |
| **10** | **Skryf die <u>massanaamwoord</u> in reël 7 neer.** | (1) |
| **11** | **Vorm ’n <u>afgeleide abstrakte selfstandige naamwoord</u> van die onderstreepte woord in reël 8.** | (1) |
| **12** | **Skryf die <u>onbepaalde voornaamwoord</u> in reël 8 neer.** | (1) |
| **13** | **Skryf die onderstreepte sin in reël 9 oor in die <u>ontkennende vorm</u>.** | (1) |
| **14** | **Gee die <u>intensiewe vorm</u> vir die onderstreepte woord in reël 10.** | (1) |
| **15** | **Skryf die <u>samestellende afleiding</u> in reël 11 neer.** | (1) |
| **16** | **Skryf die <u>attributiewe byvoeglike naamwoord</u> in reël 11 neer.** | (1) |
| **17** | **Gee die <u>afkorting</u> vir die onderstreepte woord in reël 13.** | (1) |
| **18** | **Skryf die <u>bywoord van graad</u> in reël 14 neer.** | (1) |
| **19** | **Skryf die onderstreepte <u>bywoord</u> in reël 14 oor as ’n <u>bywoordelike sinsnede</u>.** | (1) |
| **20** | **Skryf die <u>basiswoord</u> van die onderstreepte woord in reël 15 neer.** | (1) |
| **21** | **Skryf die sin in reëls 16 & 17 oor, maar vervang die onderstreepte <u>byvoeglike naamwoord</u> in reël 17 met ’n <u>byvoeglike bysin</u>.** | (1) |
| **22** | **Skryf die onderstreepte sin in reëls 20 & 21 oor in die <u>verlede tyd</u>.** | (1) |
| **23** | **Vorm ’n <u>afgeleide werkwoord</u> van die onderstreepte woord in reël 24.** | (1) |
| **24** | **Gee die <u>verboë vorm</u> van die <u>byvoeglike naamwoord</u> in reël 25.** | (1) |
| **25** | **Skryf die <u>onpersoonlike voornaamwoord</u> in reël 26 neer.** | (1) |
| **26** | **Wat beteken die onderstreepte <u>idioom</u> in reël 27?** | (1) |
| **27** | **Skryf reëls 27–29 oor in die <u>indirekte rede</u>.** | (1) |
| **28** | **Skryf die <u>akroniem</u> in reël 28 neer.** | (1) |
| **29** | **Gee die <u>trappe van vergelyking</u> vir die onderstreepte woord in reël 29.** | (1) |
| **30** | **Wat beteken reël 30 waar ons <u>eufemisme</u> aantref?** | (1) |
| | **Totaal: 30÷2=15** | **/15** |

**<u>Vraestel 3</u>** **<u>Skryf</u>**

**Skryf ’n <u>verhalende opstel</u> van 250–300 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Woorde-moord laat letsels / My foto verskyn in die koerant / Vriendskap ly skipbreuk

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Oorsaak en gevolge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Emosies, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n <u>beskrywende opstel</u> van 250–300 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Soos verdwaaldes in die woestyn… / Oë wat deurboor / Die statige ou dame

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, beeldspraak en stylfigure: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Skryfstyl, idiome en woordeskat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf ’n <u>advertensie</u> van 160–180 woorde waar jy EEN van die volgende adverteer**

Aardklop / KKNK / Huis Goedversorg / Die Vleisfees

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, oorredende taalgebruik en teikenmark: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Kontaknommers, webtuiste en bedrywighede: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n <u>onderhoud</u> van 160–180 woorde wat jy met EEN van die volgende voer.**

’n Sportkommentator / ’n Sportheld / ’n Sanger / ’n Slaapspesialis / ’n Akteur

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bondige inleiding, ruimte, beskrywings en inhoud: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, dialoog, taalgebruik en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**Memorandum** **Maart 2026**

**'n Selfoonkontrak:** 'n Selfoonkontrak met verbruikersregte

1 Dit is 24 maande.

2.1 Dit moet in dieselfde toestand wees.
2.2 Dit moet in dieselfde verpakking wees.
2.3 Die koopbewys moet getoon word. **(slegs EEN)**

3 Die stukkende selfoonhandstuk moet vervang word of ***gratis*** herstel word. / Die reg op billike behandeling.
4 Om verbruikers se regte te beskerm.

5.1 Deur dit te laat val.
5.2 Deur dit in die water te laat val.
5.3 Deur dit onregmatig self te probeer regmaak. **(slegs EEN)**

6 Hy moet 'n kansellasiefooi betaal.
7 Dit kan vir jou baie geld kos, sou jy verlang om die kontrak voor die tyd te kanselleer.
8 Die kontrak is tussen meneer Nel en Vodacom gesluit.
9 Om sodoende die regte van die ***verbruiker***, sowel as die ***verskaffer*** te beskerm.
/
Om die wedersydse verpligtinge en vrywarings van ***albei partye*** op skrif te stel om sodoende alle misverstande wat in die toekoms mag opduik, uit die weg te ruim.
10 Vodacom is die kontraktant.
11 Meneer Nel is die gekontrakteerde.
12 Om bewus te wees van die kostes, voorwaardes, regte en boetes.
13 Deur ***kontrakte*** behoorlik te lees en vrae oor die ***kontrak*** te vra.
14 Hy verbind hom tot die kontrak en bevestig dat hy vertroud is met die inhoud.

15 Om sodoende te bepaal wanneer die ***kontrak*** verstreke sal wees en die verbruiker óf ’n nuwe selfoonkontrak kan sluit óf sy kontrak sonder ’n kansellasiefooi kan kanselleer.

**1 Verslag:** Dispuut tussen die kliënt en ’n selfoonmaatskappy

1.1 Die konsultant moet die inligting en voorwaardes✔ ***breedvoerig verduidelik*** en ***bespreek***. Ook moet die kostes✔ duidelik ***aangetoon*** word.

1.2 Hy het die kontrak nie ***behoorlik*** en ***aandagtig*** deurgelees✔ en die nodige vrae waar iets onduidelik vir hom is aan die konsultant gevra✔ nie.

1.3 Hierdie selfoonmaatskappy mag kliënte verloor. / Potensiële kliënte mag huiwerig wees om ’n kontrak met hierdie selfoonmaatskappy te sluit.

**2 Brief:** Brief van waardering vir hulp en advies

2.1 Die boelies het hom nog nooit weer lastig geval nie.

2.2 Dit mag daartoe lei dat die boelies hom nog meer sou boelie.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat met boeliery verband hou)**

2.3 Die emosies van vrees,✔ dankbaarheid,✔ verbasing✔ en waardering.✔**(TWEE)**

2.4 Karel rig ’n brief van ***waardering*** aan Ruan vir sy hulp✔ en advies✔.

**3 Kortverhaal:** Hunkering na veiligheid

3.1 Hy smag na sy kinderdae toe dit nie so gevaarlik soos vandag was nie.

3.2 In Liam se kinderjare was dit nie gevaarlik om tot saans laat buite te speel nie, maar vandag is dit te gevaarlik.

3.3 Die emosies van bejammering, omgee en vreugde. **(slegs EEN)**

3.4 Dit is by die verkeerslig.

3.5 Daar ***word*** (op die oomblik) ***gebeeldsend*** hoe ’n ou man deur ’n groep bendelede (in die verlede) ***aangeval*** en ***besteel is*** en hoe die polisie die

bendelede ***boei***. Liam ***hoop*** (op die oomblik) dat hierdie misdadigers ***toegesluit sal word***. (in die toekoms)

3.6.1 Ons tref die hoofkarakter, ronde karakter en plat karakters aan.
3.6.2 Tyd en ruimte word aangedui.
3.6.3 Chronologiese opeenvolging van gebeure word aangetref.
3.6.4 Dit is verhalend.
3.6.5 ’n Inleiding, inhoud en slot word aangetref.
3.6.6 Oorsake en gevolge word gegee.
3.6.7 Karakters beskik oor spesifieke karaktereienskappe.
3.6.8 Terugflitse word aangetref.
3.6.9 Die kortverhaal handel oor ’n spesifieke tema.
3.6.10 Karakters tree handelend op. **(slegs EEN)**

**4 Drama:** Dink twee keer

4.1 Dit is in die sitkamer.
4.2 Liz: (terwyl sy opstaan om vir haar tee skink) Ina, het jý hierdie koeksisters gemaak?
4.3.1 Ons tref dialoog aan.
4.3.2 Die onderskeie karakters praat.
4.3.3 Die ruimte en tyd word aangedui.
4.3.4 Hier word toneelaanwysings aangetref.
4.3.5 ***Toneelaanwysing*** beskryf emosies, gesigsuitdrukkinge en handeling.
4.3.6 Tyd, ruimte, karakters en handelinge word ***voorgestel***.
4.3.7 Chronologiese opeenvolging van gebeure word aangetref.
4.3.8 ***Tussensetsels*** wat ruimte en handeling aandui, word aangetref. **(slegs EEN)**

**5 Gedigte**

5.1 Kombuis

Deur gebruik te maak van ***klankherhaling***, soos alliterasie, die gebruik van ***woordkeuse***, soos “gretig”, “woeker” en “flukse”, en die gebruik van kommas ***voor*** en ***na*** sekere woorde wat die spesifieke woorde ***beklemtoon***.

5.2 Die rondloper

Die effek van beweging.

5.3 Busrit in die aand

Ons tref personifikasie hier aan.

5.4 Die bokser

“maar elk groteske vuis se smak
Laat lis en weerstand verder knak…”

5.5 Straat

Dit verwys na die kopligte van die voertuie.

**Koerantberig:** Seun oorleef haai-aanval by gewilde Kaapse strand

1 ’n Haai het Saterdagoggend vir Connie Muller, ’n 13-jarige seun, by een van die gewilde strande aan die Kaap aangeval.
2 Connie Muller en sy vriende het redelik diep in die water gegaan.
3 Connie Muller en sy vriende het redelik diep in die water gegaan.
4 Connie Muller en sy vriende het redelik diep in die water gegaan.
5 Uitgebreek
6 Paniek breek tussen die ander swemmers uit toe hulle die bloed in die water gewaar.
7 Hulle het al gillende in die rigting van die strand beweeg.
8 Kon hulle nie gou genoeg uit die water kom nie?
9 Hulle sal nie gou genoeg uit die water kan kom nie.
10 Hulle kon nie gou genoeg uit die water kom nie.
11 Help – Hulp
12 Almal wou net wegkom van die water met die bloedstreep.
13 Niemand wou so ver moontlik van die water wegkom nie. /
Nie álmal wou so ver moontlik van die water wegkom nie.
14 Die blitsvinnige optrede van ’n plaaslike branderplankryer.
15 Die twee lewensredders was bekwaam.
16 Twee lewensredders wat bekwaam is, het die jong seun na die strand gebring.
17 Hy is inderhaas na die naaste hospitaal geneem en deur ’n dr. behandel.
18 Hy herstel besonder goed.
19 Hy sal oor twee dae huis toe kan gaan.
20 Mening – Meen
21 Onlangse warm watertemperature en ’n toename in vis naby die kuslyn het tot gevolg dat die haaie nader aan hierdie strand wat gewild is, swem.
22 Die haainette is weer deeglik nagegaan.
23 Werkwoord — Afgeleide werkwoord
Knou — Afknou
24 Byvoeglike naamwoord — Verboë vorm van die byvoeglike naamwoord

Die seun wat nog jonk is     Die jong seun

25 Dit doen die Muller-gesin se gemoed goed.

26 Dit is goed om te weet / Dit doen ’n mens goed om te weet.

27 Die seun se pa wat aan UNISA verbonde is, het redelik bewoë gesê dat dit ’n riem onder die hart is om te weet dat daar soveel mense is wat vir sy seun omgee.

28 Die seun se pa is aan UNISA verbonde.

29

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| Bewoë | meer bewoë | mees bewoë |

30 Gelukkig is hy nie dood nie.

**Naslaanbronne** **Maart 2026**

**Artikel:** Noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid
*Eugene van der Westhuizen*

**Selfoonkontrak en vrywaring:** Selfoonkontrak met Vodacom en verbruikersregte
*Eugene van der Westhuizen in samewerking met ’n konsultant van Vodacom*
Saamgestel deur: *Eugene van der Westhuizen*

**Verslag:** Dispuut tussen die verbruiker en ’n selfoonmaatskappy
*Eugene van der Westhuizen*

**Brief:** Brief van waardering vir hulp en advies
*Eugene van der Westhuizen*

**Kortverhaal:** Die verlange na veiligheid
*Eugene van der Westhuizen*

**Drama:** Dink twee keer
*Eugene van der Westhuizen*

**Koerantberig:** Seun oorleef haai-aanval by gewilde Kaapse strand
*Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

Kombuis — *Corné Coetzee*
*Verskuns* — *Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015*
*Saamgestel deur Riens Vosloo*

Rondloper | *N.P. van Wyk Louw*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* | *Best Books 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

Busrit in die aand | *Elisabeth Eybers*
*Verskuns* | *Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015*

Die bokser | *Ernst van Heerden*
Uit: *Verklaarde nag,* Nasionale Pers, 1946
*Platinum Afrikaans Huistaal* | *Pearson Marang (Edms) Bpk, 2013*
*J. Anker, R. Badenhorst, E. du Toit, R. Gouws, J. Hugo, C. Janse van Rensburg*
*G. Julies, M. le Cordeur, M. Nel, E. Stubbe*

Straat | *N.P. van Wyk Louw*
Alleenspraak*: N.P. van Wyk Louw* | *Tafelberg-uitgewers Bpk, 1935*